Ontmoeting 12

Jesus seën die kindertjies
Jesus is lief vir jou.

Teks: Markus 10:13-16

Hulpmiddels:

- Klein lekkertjies
- Papierborde
- Gemmerbroodmannetjie vir elke kind
- Versiersuiker
- Klein lekkertjies om koekie te versier
- Skêre en gom
- Hartjie vir elke kind
- Papier vir tekeninge
- Inkleurkryte

WELKOM

Verduidelik aan die kinders dat julle "Park Ranger" gaan speel. Baken 'n redelike groot area af sodat die kinders kan hardloop. Kies 'n vrywilliger om die 'Park Ranger' te wees. Die res van die kinders staan agter 'n lyn en kyk almal na die 'Park Ranger'. Elke kind kies 'n dier as sy geheime identiteit. Jy mag vir niemand vertel watter dier jy gekies het nie. Die 'Park Ranger' roep 'n karakter eienskap van 'n dier uit, byvoorbeeld: "Alle diere met groot ore!" Indien jou dier groot ore het, moet jy deur die afgebakende area hardloop sonder dat die 'Park Ranger' aan jou raak. Indien hy aan jou geraak het, word jy 'n boom en moet jy net daar waar jy is, bly staan.

Die bome kan die 'Park Ranger' help om die kinders te vang, maar sonder om hulle voete te beweeg. Hulle mag hulle arms gebruik as takke om aan die ander kinders te raak wat deurhardloop. Die 'Park Ranger' roep 'n volgende karakter eienskap uit, byvoorbeeld: "Alle diere wat tande het!" Nou gaan kinders van beide kante van die afgebakende area deurhardloop. Die kind wat laaste oorbly en nie 'n boom geword het nie, is die wenner. Die diere kan nou "gevoer" word. Laat die Park Ranger vir elkeen 'n lekkertjie uitdeel.

WYDING

Temalied: Jesus roep die kindertjies (Lied 294)

Stilword-ritueel:

Laat die kindertjies toe oë sit en vra hulle om hul regterhande op hul harte te sit. Sê nou die volgende: "Jesus is lief vir my net soos ek is." Laat hulle nou hul linkerhandjies op hul voorkoppe sit en sê vir hulle die volgende: "Ek is ook lief vir myself omdat ek vir Jesus spesiaal is. Help my om meer en meer soos Hy te wees."

WOORD

Kry 'n paar kinders wat die karakters in die storie kan uitbeeld. Kry 'n paar volwasse vrywilligers wat die dissipels kan wees. Ken aan elkeen 'n karakter toe, byvoorbeeld: Jesus, ouers, dissipels en kinders. Die res van die kinders moet die skare wees wat rondom Jesus en die dissipels staan. Verduidelik aan die groep dat jy die storie vir hulle gaan lees en dat hulle dit moet uitbeeld soos jy lees:

Markus 10:13-16

* "Mense het hulle kindertjies na Jesus gebring sodat Hy hulle kon aanraak en seën,
* maar sy dissipels het hulle daaroor aangespreek.
* Toe Jesus dit sien, was Hy kwaad en het vir hulle gesê: 'Laat die kindertjies toe om na My toe te kom. Moenie hulle keer nie. Want God se koninkryk is juis bedoel vir almal wat soos hulle is. Ek verseker julle, wie God se koninkryk nie soos 'n kindjie ontvang nie, sal beslis nie daarin gaan nie.
* Toe het Hy sy arms om die kindertjies gesit, Sy hande op hulle koppe gelê en hulle geseën."

Herhaal die uitbeelding.

Die kinders kry tyd om oor die verhaal te dink:

1. Ek wonder hoe jy sou gevoel het as iemand jou gekeer het om na Jesus te gaan.
2. Ek wonder of daar nou in jou lewe iets is wat jou keer om Jesus te vertrou.
3. Ek wonder wat Jesus sou doen as Hy nou hier was.

WERSKAF

♦ Gee vir elke kind 'n gemmerbroodmannetjie om te versier na hartelus. Hulle kan die klein lekkertjies en versiersuiker gebruik. Wanneer almal klaar is, wys op die verskeidenheid wat gemaak is. Ons is ook verskillend

en Jesus is lief vir elkeen van ons. Neem foto's van die gemmerkoekmannetjies en stuur dit vir Kix.Kom.

- Teken wat vir jou spesiaal was in hierdie storie.
- Versier 'n hartjie vir een van jou maatjies en gee dit vir hom/haar sodat hy/sy kan weet Jesus is lief vir hom/haar.

Sluit af met die seënbede:

Vra die volwassenes wat die dissipels was tydens die storie om jou te help om elke kind met die volgende woorde te seën: *(Sit jou hand op die kind se kop en sê die volgende vir elke kind; dis belangrik om elkeen in die oë te kyk.)*

"Jesus is baie lief vir jou."

"Jy is baie spesiaal vir Hom."

"Wanneer niemand luister nie, sal Jesus luister."

"Wanneer niemand anders omgee nie, sal Jesus omgee."

"Hy sal nooit ophou om lief te wees vir jou nie."

Amen.